GESKIEDENIS SG VR 2 NOVEMBER 2006

ALGEMEEN

Die vraestel was van ‘n goeie standaard wat die toepassing van inhoud en vaardighede betref. Die grootste persentasie van die kandidate het die vraestel bevredigend beantwoord.
Die bewoording van sekere opstelle het egter die meeste kandidate probleme gegee. Dieselfde probleem het ook by sekere brongebaseerde vrae voorgekom.

Opstelle:

1. Die verwysing na Macmillan se toespraak in Vraag 1A was vir die kandidate problematies. Slegs enkele kandidate het na Macmillan in hulle opstel verwys. Hulle is hierdeur gepenaliseer.

2. Die vraagstelling by Vraag 2A (Lenin) het weer eens die kandidate uitgevang deurdat hulle op die NEB in plaas van op Oorlogskommunisme gefokus het.

3. Ook Vraag 3A oor die Groot Depressie het die kandidate laat kopkrap. Die meeste kandidate was versigtig om slegs oor die uitwerking van die Depressie te skryf en het ook breedvoerig die Oorsake bespreek.

Brongebaseerde vrae:

Oor die algemeen is die brongebaseerde vrae goed beantwoord en toon die kandidate vaardighede en insig in hierdie tipe vrae.

1. Vraag 4.1.3(b) en 4.1.4 was bo die meeste kandidate se vuurmaakplek. Uiteenlopende antwoorde is ontvang. Die vraag was meer wiskundig van aard en die kandidate is nie spesifiek gevra om die twee lande te vergelyk nie.

2. Die kandidate wat Vraag 6 (Koue Oorlog) aangepak het, het dikwels nie die inhoud van die tema geken nie. Die vraag is dus swak beantwoord.